

139/84

Saak no. 133/84.
M C

LUCAS MOOI

- en -

DIE STAAT

JANSEN AR.

Saak nr. 133/84
M C

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA
(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

LUCAS MOOI Appellant

- en -

DIE STAAT Respondent

Coram: RABIE HR et JANSEN, JOUBERT,
VAN HEERDEN ARR et ELOFF WND. AR.

Verhoor: 9 NOVEMBER 1984.

Gelewer: 29 NOVEMBER 1984.

U I T S P R A A K.

JANSEN AR :-

Die appellant is in die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling (per EDELING Wn R en assessore) aan moord sonder versagtende omstandighede en aan roof met verswarende omstandighede (soos omskryf in art 1 van Wet 51 van 1977) skuldig bevind. Ten opsigte van elk van die skuldigbevindings is hy ter dood veroordeel. Met verlof ingevolge art 316(8)(c)(ii) van Wet 51 van 1977 kom hy in hoër beroep slegs teen die doodvonnis vir die roof.

Uit die aanvaarde getuienis en die bevindings van die verhoorhof blyk o a die volgende. Gedurende die middag van 25 April 1983 het die appellant, sy 15-jarige broer (William) en ene Johannes Makhalanyane (wat saam met

die /

die appellant tereggestaan het maar onskuldig bevind

is) saam in die omgewing van 'n kleinhoewe geleë in

Bainsvlei, Bloemfontein, gewag dat dit donker moet word.

Die appellant was gewapen met 'n gelaaide Smith en Wesson

,38 rewolwer. Na donker het hulle die kleinhoewe

genader, deur die draad gekruip en naby die huis stelling

ingeneem - die appellant agter 'n klompie "dromme" en die

twee ander agter 'n stapel stene. Vandaar het hulle die

bewegings van die enigste bewoner van die huis, Bernhard

Boulogne, dopgehou. Hy het uitgekóm en water afgeslaan.

Nog voordat hy sy gulp toemaak, bemerk hy die appellant.

Hy beweeg in die appellant se rigting en vra hom wat hy

soek. Die appellant reageer deur Boulogne summier met sy

rewolwer in die kop te skiet. Die koeël tref o a die

rugmurg /.....

rugmurg en Boulogne sak dood neer. Later gaan die
 appellant en sy twee metgeselle die huis binne en neem
 twee rewolwers uit 'n kluis, 'n bottel wyn en 'n horlosie.
 'n Flits wat die oorledene laat val het toe hy inmekaarsak,
 was reeds vroeër gevat. Deurgaans het die appellant
 die voortou geneem en instruksies gegee. Toe sy met=
 geselle steeks word om deur die draad te kruip en die
 perseel te betree, het die appellant hulle met sy
 rewolwer gedreig. Voordat die drie uiteindelik die
 perseel met die buit verlaat het, het die appellant sy
 broer aangesê om 'n glas asook een van die oorledene se
 vuurwapens langs die oorledene te plaas - blykbaar om die
 skyn van selfmoord te verwek.

Die verhoorhof het bevind dat die appellant op

die /.....

die oorledene geskiet het met die oogmerk "om die
oorledene buite aksie te plaas sodat hy die oorledene
kan beroof, deur sy huis in te gaan en die voorwerpe
daarin te vat" en terwyl hy (appellant) besef het
dat die moontlikheid bestaan dat die oorledene gedood
kan word maar dat hy hom met daardie moontlikheid
versoen het ("geskiet het roekeloos of hy die
oorledene se dood veroorsaak al dan nie"). In die
afsonderlike uitspraak oor die aanwesigheid al dan nie
van versagtende omstandighede, verwerp die verhoorhof
die appellant se getuienis in hierdie stadium en meld
dat die hof nog steeds daarvan oortuig is "dat u doel=
bewus op die liggaam van die oorledene geskiet het".

Die verhoorhof gaan dan verder :-

"Die /.....

"Die Hof bevind dat van die begin af toe u soontoe gegaan het, het u gegaan, goed gewapen, u het reeds die vuurwapen gebruik voorheen om u medebeskuldigde nommer 2 mee te dreig en ook vir William en u het nie alleen moes nie, of behoort nie, maar u het inderdaad voorsien dat u daardie vuurwapen gaan gebruik. Om die waarheid te sê, dit is vir die Hof duidelik dat u gewag het net totdat die oorledene uitkom en 'n geleë oomblik aanbreek, sodat u hom uit die weg kan ruim ten einde hom van sy goedere te beroof.

Die Hof bevind derhalwe, in teenstelling met wat u advokaat aan die hand gedoen het, dat daar geen noodtoestand of verbouereerdheid aan u kant ontstaan het nie en dat u ook nie geskiet het om die oorledene af te skrik nie, maar wel om hom raak te skiet."

Met die sinsnede "uit die wegruim" word klaar=blyklik nie iets anders bedoel nie as die "buite aksie plaas" wat vroeër by skuldigbevinding gebesig was. Die verhoorhof se beoordeling van die appellant

se /.....

se optrede blyk ook uit die volgende passasie in die uitspraak insake straftoemeting vir die roof :-

"Wat u hier gedoen het, is om soos 'n rampokker in die nag vir die oorledene wat onbeskermd was by sy woonhuis voor te lê synde 'n persoon wie se bewegings aan u bekend was en terwyl die oorledene weerloos was, het u doelbewus met 'n vuurwapen wat u vir daardie moontlike doel ten minste soontoe geneem het, die oorledene geskiet. Die doel wat u hom voor geskiet het, was om hom te beroof en die Hof moet vir u sê dat in soverre die wetgewing die doodsvonnis toelaat as 'n moontlike vonnis vir roof met verswarende omstandighede, kan ek nie aan 'n veel erger vorm van roof dink met verswarende omstandighede, as die roof wat u gepleeg het nie."

Namens die appellant word aangevoer dat uit die twee so pas aangehaalde passasies dit blyk dat dieselfde omstandighede wat die verhoorhof genoop het

om te bevind dat daar geen versagtende omstandighede ten opsigte van die moord was nie, juis ook as verswarende omstandighede aangemerkt is ten opsigte van die roof, en dat die verhoorhof hom aldus skuldig gemaak het aan 'n onbehoorlike "vermenigvuldiging" van vonnisse. Meer bepaaldelik moet die vraag gestel word of die verhoorhof by oplegging van die doodstraf vir die roof, die dood van die oorledene in aanmerking geneem het. Indien wel, sou die verhoorhof duidelik vir die eenmalige intrede van die dood tweemaal die doodstraf opgelê het. Daar is egter geen aanduiding in die hof se motivering by straftoemeting vir die roof dat hy dit gedoen het nie. Inteendeel is dit m i duidelik by noukeurige nalees van die uitspraak dat die verhoorhof wel die intrede van die dood /

dood "weggedink" het. Deurslaggewend was die feit dat die appellant onnodiglik en sonder meer op die oorledene geskiet het met die oogmerk om hom buite aksie te stel ten einde te roof. As die lewensgevaarlikheid van die geweld deur die appellant toegepas wel by die straftoemeting 'n rol gespeel het, maak dit ook nie per se die doodstraf aanvegbaar nie. (S v Witbooi 1982(1) SA 30(A), 34F - 35F). M i blyk dit nie dat die verhoorhof onbehoorlik die straf verdubbel het nie.

'n Vraag wat egter ontstaan is of die verhoorhof nie gefouteer het deur te aanvaar dat nie "aan 'n veel erger vorm van roof" gedink kan word nie (soos gestel in die tweede passasie hierbo aangehaal).

Dat /.....

Dat erger gevalle inderdaad wel denkbaar is, behoef
geen betoog nie. Maar daar is geen rede om te aanvaar
dat die verhoorhof hier bedoel het om meer te sê nie as
dat die onderhawige 'n "uiterste geval" is in die sin
verduidelik in S v Tshomi en 'n Ander (1983(3) SA 662(A),
op bl 666 E-H) of om te aanvaar dat die verhoorhof nie
bewus was van erger moontlikhede nie. In ieder geval
sou dit nie verkeerd wees om 'n geval van roof waar die
slagoffer in die nag buite sy huis voorgelê word, waar met
voorbedagte rade en sonder waarskuwing op hom geskiet word
ten einde sy moontlike weerstand uit te skakel deur hom
te wond, as van die ernstigste te beskou nie. Dit wil
my voorkom dat hier nie deur die verhoorhof fouteer is nie.

Weliswaar wy die verhoorhof geen uitdruklike

aandag /

aandag aan die moontlikheid om deur tronkstraf die
 appellant as rower te rehabiliteer nie. Maar klaar=
 blyklik was die verhoorhof van oordeel dat die erns van
 die misdaad sodanige oorwegings sou oordonder, h
 beskouing wat nie sonder meer in die omstandighede as
 foutief bestempel sou kon word nie.

Dit blyk nie dat die verhoorhof enige mistasting
 begaan het nie. Ook nie dat die doodvonnis in die
 omstandighede so onvanpas is dat ingegryp kan word nie -
 al word die appellant se vorige veroordelings buite
 rekening gelaat (soos die verhoorhof gedoen het) en o a
 sy persoonlike omstandighede in ag geneem (25 jaar oud,
 getroud met twee kinders). In die lig hiervan moet die
 doodvonnis vir die roof bly staan.

Ten slotte moet melding gemaak word van 'n alternatiewe betoog namens die Staat. Dit is aangevoer dat al sou ook die verhoorhof die intrede van die dood by straftoemeting vir die roof in ag geneem het, dit nie verkeerd sou gewees het nie. Dit is betoog dat die benadering in sake soos bv S v Witbooi (1982(1) SA 30) in verskeie opsigte nie behoorlik gefundeer is nie. Daar word o a daarop gewys dat dit "nie moontlik [is] nie om 'n behoorlike straf vir roof te bepaal sonder om die gevolge van die roofaanslag in gedagte te hou" en ons word uitgenooi om die hele kwessie in heroorweging te neem. Aangesien die verhoorhof wel die dood weggedink het, is dit egter nie nodig om vir die doeleindes van die

onderhawige /

onderhawige saak hierop in te gaan nie.

Die appèl word afgewys.

E.L. JANSEN AR.

RABIE HR.)

VAN HEERDEN AR.) Stem saam.

ELOFF WND. AR.)

Saaknommer: 138/84

WHN

LUCAS MOOI Appellant

en

DIE STAAT Respondent

JOUBERT AR :

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPELAFDELING

In die saak tussen:

LUCAS MOOI Appellant

en

DIE STAAT Respondent

Coram: RABIE HR et JANSEN, JOUBERT, VAN HEERDEN

ARR. et ELOFF Wn. AR.

Verhoor: 9 November 1984

Gelewer: 29 November 1984

U I T S P R A A K

JOUBERT AR:

/Die

Die relevante feite word vermeld in die uitspraak van my ampsbroeder JANSEN wat ek die voorreg gehad het om te lees.

Die probleem wat hier ontstaan, is dat dieselfde gebeure twee misdade daargestel het, te wete 'n moord (aanklag 1) en 'n roof met verswarende omstandighede (aanklag 2). Die appellant is die doodstraf op beide die moord- en die roofklag opgelê. Die appèl is gerig teen die doodvonnis wat die verhoorhof die appellant ten aansien van die roofklag opgelê het.

Roof geskied met „geweldpleging of bedreiging van geweldpleging om die slagoffer tydelik vir doeleindes van die pleging van die roof so weerloos te

maak deur sy weerstand uit te skakel sodat hy hom
aan die rower onderwerp om nie sy goed te verdedig
nie of om hom daarby berus dat die rower sy goed steel",
soos dit deur hierdie Hof gestel is in die Staat v
Moloto, 1982(1) SA 844 (A) op bl. 850 C. In die
onderhawige geval het die appellant sy slagoffer
Bernard Boulogne egter permanent weerloos gemaak
deur hom dood te skiet en sodoende het die geweld=
pleging wat hy teenoor sy slagoffer toegepas het
die perke of grense van roof oorskry om 'n dood=
veroorsakende handeling daar te stel wat sy slag=
offer gedood het. Hierdie dood-veroorsakende
handeling is 'n element van die misdaad moord

/waarvoor

waarvoor die appellant in die onderhawige geval die
 doodvonnis as straf ten aansien van die moordklag
 opgelê is. Dit is egter 'n fundamentele beginsel
 van ons reg om die duplisering van vonnisse te vermy
 (nemo debet bis vexari pro una et eadem causa).

Raadpleeg D 48.2.14, Cod. 9.2.9 en artikel 336
 van die Strafproseswet 51 van 1977 (die Wet). Dit
 was die grondliggende rede waarom hierdie Hof in die
Staat v Mathebula & Another, 1978 (2) SA 607 (A)

toe dit voor 'n soortgelyke probleem te staan gekom
 het van moord en roof met verswarende omstandighede
 wat uit dieselfde gebeure ontstaan het en dit 'n
 gepaste vonnis op die roofklag oorweeg het, die
 feit dat die slagoffer tydens die betrokke roof

vermoor is, weggedink het. Per TROLLIP AR. op

bl. 613 in fine - 614:

"If, in order to avoid any possible duplication of punishment, one thinks away the murder of Mrs. Du Toit (because the appellants were separately charged and sentenced to death on count 1) and the attempted murder of Du Toit (a separate and distinct count on which appellants ought to have been and might still be sentenced), the robbery, although serious, was not sufficiently serious by itself, in my view, to have warranted the extreme penalty."

Daar is ook 'n ander aspek wat in die onder=

hawige geval in gedagte gehou moet word. Waar 'n

beskuldigde skuldig bevind word aan roof met ver=

swarende omstandighede het die verhoorregter ingevolge

artikel 277(1)(c)(i) van die Wet 'n statutêre diskresie

om die doodstraf daarvoor op te lê of nie. Hierdie statutêre diskresie is baie wyer in omvang as die funksie wat 'n verhoorhof by 'n skuldigbevinding aan moord uitoefen om vas te stel of daar versagtende omstandighede ten tyde van die pleging van die moord aanwesig was of nie. Raadpleeg S v Mathebula & Another, supra, op bl. 613 A-E per TROLLIP AR:

"As the Court a quo rightly found that the appellants were guilty of robbery with aggravating circumstances, the learned trial Judge had a discretion whether or not to pass the death sentence on them for this crime - see s.277(1)(c)(i). This discretion differed entirely from the function entrusted by s.277(2) to the Court a quo (Judge and assessors) to determine the existence or non-existence of extenuating circumstances for the

murder in count 1 (see Moyepao's case supra).

For instance, in exercising his aforementioned discretion on count 3, the learned trial Judge could legitimately have drawn from a wider compass of relevant facts than the one available to the Court a quo in deciding on extenuating circumstances. He could, for example, have taken into account facts unrelated to the commission of the crime, such as the ages of the appellants (although not regarded as an extenuating circumstance on count 1), their clean records, their subsequent contrition, and their co-operation in the investigation of the offences. Hence, it did not necessarily follow that, because the Court a quo found no extenuating circumstances on count 1, thereby rendering the death sentence compulsory on that count, the learned trial Judge should also have imposed it on count 3. As stated above, these two crimes must, for purpose of conviction and punishment, be regarded as separate and distinct. Extreme care was therefore required in the exercise of the discretionary power to avoid any duplication of punishment in passing sentence on count 3, for otherwise it could result in the appellants

being twice sentenced to death for precisely the same aggravating or non-extenuating circumstances."

Toe die verhoorregter oorweeg het om sy statutêre diskresie ingevolge artikel 277(1)(c)(i) van die Wet uit te oefen m.b.t. die oplegging van die doodvonnis al dan nie het hy daarmee rekening gehou dat die appellant toe 25 jaar oud was. Wat die vorige veroordelings van die appellant betref, het die verhoorregter besluit om hulle buite rekening te laat. Die verhoorregter het toe in sy uitspraak soos volg voortgegaan:

"Wat u hier gedoen het, is om soos 'n rampokker in die nag vir die oorledene wat onbekend was by sy woonhuis voor te lê, synde 'n persoon wie se bewegings aan u bekend was en terwyl

/die

die oorledene weerloos was, het u doelbewus met 'n vuurwapen wat u vir daardie moontlike doel ten minste soontoe geneem het, die oorledene geskiet. Die doel wat u hom voor geskiet het, was om hom te beroof en die Hof moet vir u sê dat in soverre die wetgewing die doodvonnis toelaat as 'n moontlike vonnis vir roof met verswarende omstandighede, kan ek nie aan 'n veel erger vorm van roof dink met verswarende omstandighede, as die roof wat u gepleeg het nie." (My onderstreping).

Die verhoorregter het tereg rekening gehou met die omstandighede waaronder die appellant die roof beplan en uitgevoer het. Dog die bewering van die verhoorregter dat hy nie aan „'n veel erger vorm van roof" kan dink as die roof in die onderhawige geval nie kom na my mening neer op 'n ernstige wanvoorligting of mistasting. Die verhoorregter vermeld dit nie

in sy uitspraak nie maar na die roof is twee vuur=

wapens, 'n draagbare radio, 'n horlosie en 'n flits

vermis waarvan die totale waarde deur die slagoffer

se broer op R1042 gestel is. Om te beweer dat die

verhoorregter met sy verwysing na „'n veel erger vorm

van roof" dit nie in 'n letterlike sin bedoel het nie.

of dat hy nie bewus was van erger moontlikhede van

roof nie, kom na my mening neer op blote bespiegeling

waarvoor daar hoegenaamd geen feite-basis is nie.

Dit bring mee dat die verhoorregter nie sy statutêre

diskresie behoorlik uitgeoefen het nie en dat die

doodvonnis derhalwe tersyde gestel moet word.

/Die

Die aangeleentheid kan op 'n ander basis
benader word, nl. of die verhoorregter sy statutêre
diskresie redelikerwyse uitgeoefen het. Kyk

S v. Ntuli, 1978(1) SA 523 (A) op bl. 528 C-D.

Indien al die relevante omstandighede in ag geneem
word en indien die doodslag van die appellant se
slagoffer weggedink word dan is ek van mening dat
die verhoorregter nie sy statutêre diskresie
redelikerwyse uitgeoefen het nie en dat die dood=
vonnis derhalwe tersyde gestel moet word.

Na inagneming van al die relevante omstandig=
hede is ek van oordeel dat 8 jaar gevangenisstraf 'n
gepaste vonnis is.

/Ek

Ek sou derhalwe die appèl handhaaf deur
die doodvonniss opgelê deur die hof a quo m.b.t.
aanklag 2 tersyde te stel en dit te vervang met 8
jaar gevangenisstraf.

C.P. JOUBERT AR.